LAERSKOOL PIERNEEF
Pierneefstraat 940 Villieria 0186 Posbus 31328 Wonderboompoort 0033 012 329 2369

PIERIE PLUS

NASKOOLSENTRUM

1. ALGEMENE INLIGTING EN OOREENKOMS

Die naskoolsentrum word namens Laerskool Pierneef bedryf deur Me Hes Slabbert: 0780628519

Die sentrum bied:

- Volwasse toesig op weeksdae vanaf 12:45 tot 17:45.
- 'n Ligte middagete, voorberei deur voltydse werkers, aan alle ingeskrewe lede.
- Toegang vir leerders vanaf graad RR tot graad 7.
- Geleentheid vir leerders om aan die normale skoolaktiwiteite deel te neem.
- Toesig en hulp met tuiswerk (ouers bly egter verantwoordelik vir finale nagaan)
- Genoegsame tyd vir vrye spel.
- Daar word voldoen aan die Covid-regulasies.

Veiligheid:

- 'n Daaglikse register word bygehou.
- Leerders word by die hek in 26ste laan deur hulle ouers afgehaal.
- Geen leerder mag buite op die sypaadjie vir ouers wag nie.
- Leerders mag slegs huistoe loop na skriftelike toestemming deur die ouers verleen is.
- Slegs ouers mag leerders by die naskool afhaal of indien anders skriftelik gereël.
- Afwesighede moet aan die naskoolsentrum bekend gemaak word.

Bedryfstye:

- Die sentrum is op alle skooldae vanaf 12:45 tot 17H45 oop.
- Die sentrum is in alle skoolvakansies, uitgesonderd die Desemberskoolvakansie, oop.
- Die naskool sal tydens skoolvakansies Pierneefleerlinge inneem teen R650.00 per leerder
- Die diens is vir ouers wat nie vakansies reëlings kan maak nie. Daar moet alvorens reëlings getref word met Me M. de Beer en is vooruitbetaalbaar.

Sentrumfooie:

- Sentrumfooie beloop R650 per maand per leerling.
- 'n Geen betaal geen diens beginsel geld. Geen kwytskelding of korting word toegestaan vir Gr RR en R nie.
- Alle fooie is streng vooruit betaalbaar en wel op die eerste skooldag van elke maand.
- Fooie word vir twaalf maande van die jaar gehef.
- Geen addisionele fooie is vir vakansies betaalbaar nie.
- Die naskoolgelde word direk aan die skool betaal.

Kennisgewingstydperk:

- Ouers van leerders wat in die naskoolsentrum ingeskryf is moet een kalendermaand kennis gee alvorens 'n leerder die sentrum verlaat.
- Ouers wat nie op die eerste skooldag van die maand betaal nie sal op die vyfde dag daarna kennis ontvang dat die heersende maand as kennismaand dien, waarna die leerder ongelukkig nie verder in die naskool geakkommodeer sal word nie.

Klagte prosedure

- Alle probleme aangaande die naskoolsentrum kan direk aan die sentrumhoof gerapporteer word

2. PIERIE PLUS NASKOOL INSKRYWINGSVORM

JAAR: 2023	NASKOOLNOMMER:	_____+NS

BESONDERHEDE	LEERLING 1	LEERLING 2	LEERLING 3
Van:			
Name:			
Noemnaam:			
Geboortedatum:			
Graad en klas:			

OUERS VOOGDE	VADER	MOEDER
Voorletters & Van		
Voornaam van Ouer		
ID Nommer (NB! Heq afskrif aan)		
Huwellkstatus (Getroud / Geskei)		
Beroep		
E-Pos Adres		
Werkgewer		
Werksadres		
Straatadres / Woning		
Posadres		
Telefoonnommers	**(Sel)**	**(Sel)**

KONTAKPERSOON:

<u>(IN NOODSITUASIES)</u> as ons u nie in die hande kan kry nie.

Naam:		**Verwantskap:**	
Telefoonnommers:			

FISIESE TOESTAND / MEDIESE GESKIEDENIS

Huis dokter:		**Tel nr:**	

Allergieë (Meld asseblief enige fisieke toestand waarvan kennis geneem moet word soos bv. abnormale bloeding ens. By steek — voorsien asseblief self medikasie :

Kroniese siekte:			
Mediese Skema:		**Skema nr:**	
Naam van Hooflid:			
Magnommer (Staande Mag, SA Polisie, ens.):			

AFHAAL VAN LEERDER/S

Ter wille van u kind se veiligheid en goeie orde, is dit noodsaaklik dat u die sentrum skriftelik verwittig wat die afhaalprosedure betref. <u>(Omskryf volledig)</u>

Geen mondelinge/telefoniese reëlings sal deur die naskoolpersoneel aanvaar word nie. U moet betyds skriftelik instruksies vir afwykings verstrek. E-pos: admin@laerskoolpierneef.co.za

3. VRYWARING/TOESTEMMING

Hierdie ooreenkoms bly geldig vir die VOLLE TYDPERK van die leerder se verbintenis met die naskoolsentrum

Ek, ouer / voog, _____ van:

_____, _____ , _____

gee hiermee toestemming dat bogenoemde leerder/s die naskoolsentrum mag bywoon.

- Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van die leerder/s en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van enige mediese- of hospitaalrekeninge in geval van die besering wat nie aan nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
- Ek dra my magtiging as ouer / voog oor aan die hoof van die naskoolsentrum of haar verteenwoordiger indien mediese- / chirurgiese behandeling vir die leerder nodig mag wees. Sover ek weet, verkeer hy / sy in goeie gesondheid.

_____ _____

HANDTEKENING OUER/VOOG DATUM

4. BETALINGSOOREENKOMS

- Ek/Ons onderneem om die maandelikse vooruitbetaalbare fooi voor of op die vyfde dag van die aanvang van elke maand in te betaal.

  NB!!! - Ek/Ons onderneem om een maand skrifelik kennis te gee wat die opsegging van sentrumdienste betref.
- Ek/Ons aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid van my/ons kind/ers en dat ek/ons verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge, indien van toepassing, in gevat van 'n besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike persoon toegeskryf kan word nie.
- Ek/Ons onderneem om die sentrum nie verantwoordelik/aanspreeklik te hou vir enige persoonlike verliese wat eiendom betref nie.
- Ek/Ons dra my/ons magte as ouer/voog oor aan die Beheerliggaam van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese behandeling/chirurgiese ingreep vir my/ons kind/ers nodig mag wees. Sover ek/ons weet, is hy/sy/hutle fisies in staat om aan die aktiwiteite deel te neem en verkeer hy/sy/hulle in goeie gesondheid.
- Ek/Ons onderneem om kwartaaliks skriftelik kennis te gee van my/ons kind(ers) se buitemuurse aktiwiteite.
- Ek/Ons onderneem om my/ons kind/ers elke dag persoonlik by die diensdoenende personeel te kom haal en nie in die motor bly sit nie. (Sekuriteitsdoeleindes)
- Daar word daagliks een uur of langer studietyd gegee afhangende van die leerder/s se huiswerk, maar ek/ons bly verantwoordelik vir my/ons kind/ers se huiswerk en sal die huiswerk kontroleer en boeke teken.
- Dit is die verantwoordelikheid van elke ouer/voog om die sentrum onverwyld te verwittig van enige verandering wat voorafgaande inligting betref. Dit gebeur van tyd tot tyd dat daar dringend met u in verbinding getree moet word en indien ons inligting verouderd is, skep dit bepaalde probleme. Ons maak staat op u samewerking.

GETEKEN TE: _____ DATUM: _____

_____ _____

HANDTEKENING OUER/VOOG VOLLE NAAM EN VAN